

# Die wetenskaplike onderbou van DieBybel@kinders.co.za

H F Stander  
(Universiteit van Pretoria)

## ABSTRACT

### The scientific basis of Diebybel@kinders.co.za

*One of the latest translations of the Bible in Afrikaans is DieBybel-@kinders.co.za. The target group of this Bible is kids. Since this is a children's Bible, the scientific basis of this project is often overlooked. In this article the translational and semantic principles underlying this Bible are discussed. Valuable experience is being shared with other scholars. It is done in order to equip people who want to undertake similar projects in the future. The need for similar projects in the other official languages of South Africa is also emphasized.*

## 1 INLEIDING

Die Afrikaanse gemeenskap is besonder bevoorreg om etlike Bybelvertalings te hê. Tog is daar steeds betreklik min Bybelvertalings wanneer 'n mens dit vergelyk met die hoeveelheid vertalings wat daar op die Engelse mark beskikbaar is. Die nuutste toevoeging tot die Afrikaanse mark is *Die Boodskap* en *DieBybel@kinders.co.za*. Dit is altyd waardevol wanneer die werkswyse en die beginsels wat ten grondslag van 'n Bybelvertaling lê, duidelik uitgespel word. Dit kan byvoorbeeld van groot hulp wees vir ander Bybelvertalers wat later soortgelyke projekte wil aanpak. Daar het juis soveel verskuiwings in die vertaalkunde plaasgevind sedert Nida en Taber (1969) hul belangrike boek oor die beginsels van Bybelvertaling gepubliseer het (Wilt 2002:140; Naude 2002).

Nida het in 1977 'n boek geskryf met die titel *Good News for Everyone* waarin hy die werkswyse van die vertalers van die *Good News Bible* verduidelik het. Net so het Van der Watt in 1999 'n artikel geskryf waarin hy die grondslag waarop *Die Boodskap* geskoei is, uitgespel het. Op daardie stadium was dit egter nog net die Nuwe Testament wat volgens hierdie metode vertaal is. Sedertdien is ook die Psalms en Spreuke bygevoeg, en baie onlangs het die hele Bybel in hierdie formaat verskyn. Die beginsels wat Van der Watt (1999) oor die Nuwe-Testamentiese gedeelte van *Die Bood-*

*skap* bespreek het, is eweneens waar van die Ou-Testamentiese gedeelte wat pas verskyn het.

Soos reeds gesê, is *DieBybel@kinders.co.za* een van die jongste vertalings van die Bybel in Afrikaans. Saam met Joubert, het Van der Watt ook die grondslag gelê vir die *DieBybel@kinders.co.za*. Hierdie Bybelvertaling verskil sodanig van *Die Boodskap* dat dit beslis ‘n nuwe artikel regverdig om die prosesse en akademiese denke agter hierdie vertaling te verduidelik. Dit is dan ook die doel van hierdie artikel. Die optekening van die werkswyse en die teoretiese grondslag van hierdie vertaling, asook van die problematiek wat in die praktyk ervaar is, is uiters belangrik. Dit kan in die eerste plek van groot hulp wees vir ander vertalers wat in die toekoms soortgelyke nuwe projekte aanpak. Die insigte wat verkry is met die vertaling kan hulle tyd bespaar, en ook toerus om die denke verder te vat en selfs nog meer suksesvolle produkte op die mark te plaas. Die behoeftes aan Bybelvertaling in Suid-Afrika is nog lank nie bevredig nie. Later in die artikel sal ons uitkom by die legio moontlikhede wat daar nog op die plaaslike mark bestaan.

Nog ‘n rede waarom ‘n artikel oor die akademiese fundering van die *DieBybel@kinders.co.za* belangrik is, is omdat ons die ongelukkige situasie het dat akademici dikwels neerkyk op “kinderboeke”. Daar word nie altyd besef dat kinderboeke ook op ‘n wetenskaplike basis geskoei kan wees, en dikwels intense navorsing vereis nie. Die gevolg is dat ons ons wetenskap ‘n geweldige onguns aandoen omdat ons onself die geleentheid ontnem om ons navorsing op grondvlak deur te gee. In die toekoms sal daar al hoe meer van navorsers verwag word om hulle navorsing regtig prakties te rig sodat die gemeenskap daaruit baat kan vind. Hierdie artikel het dan ook ten doel om ons navorsers te help om dit te bewerkstellig. Navorsing wat tot voordeel van die gemeenskap strek, is juis ‘n beginsel wat baie sterk deur die National Research Fund benadruk word.

## **2 HUIDIGE STAND VAN SAKE**

Die publisering van Bybels vir spesifieke teikengroepe (kinders en tieners) is een van die jongste ontwikkelinge in die veld van Bybelvertaling (Joubert 2001:317). Kinderbybels as sodanig is natuurlik nie nuut nie. Tradisioneel is Kinderbybels egter gewoonlik gebaseer op sekere geselekteerde passasies uit die Bybel wat dan visueel aantreklik vir die jong leser aangebied word. In die afgelope paar

jaar het daar egter 'n verskuiwing plaasgevind en word daar gepoog om meer volledige uitgawes van die Bybelse teks vir kinders te publiseer.

Hierdie Bybels maak ongelukkig dikwels bloot van 'n bestaande vertaling (vir volwasse lesers) gebruik, en voeg dan net mooi sketse en kleurvolle bladsye met interessante agtergrondsinsligting by. Die *Kids Application Bible* gebruik byvoorbeeld onveranderd die teks van *The Living Bible*. Dit geld presies net so vir Bybels vir die jeug: Die *Teen Study Bible* asook die *Youth Walk Devotional Bible* gebruik onveranderd die *New International Version*. Op die Afrikaanse mark gebruik *Die Radikale Jeugboodskap* die teks van *Die Boodskap*, maar voeg net versnommers by. Die *Kids' Study Bible* maak gebruik van die *New International Reader's Version*. Dit is egter ook nie 'n nuwe vertaling in die ware sin van die woord nie. Trouens, in die Voorwoord self skryf die vertalers: "*The NirV is based on the NIV.... We used the words of the NIV when we could. When the NIV words were long, we used words that were shorter.... We also made the NIV sentences much shorter.*"

*DieBybel@kinders.co.za* is dus 'n unieke produk omrede hierdie vertaling van nuuts af vertaal is uit die Grieks en Hebreeus, met die oog op 'n baie spesifieke mark, naamlik laerskoolkinders (en jonger).

### **3 EMPIRIESE NAVORSING**

Tradisioneel word veldwerk of empiriese navorsing geassosieer met vakke soos Maatskaplike Werk, Sosiologie en Kriminologie. Verder sal ons dit ook nog kry by Praktiese Teologie of Sending, maar nie sommer by Antieke Tale of by vakke soos Ou en Nuwe Testament nie. Navorsers in laasgenoemde vakgebiede doen gewoonlik hulle navorsing in biblioteke en in studeerkamers. Tradisioneel begin Bybelvertalings wanneer komitees aangewys is, en Bybelvertalers met hul taak wegspring. By die *DieBybel@kinders.co.za* is daar egter eers behoorlik veldwerk gedoen. Laerskole is besoek en ongestruktureerde onderhoude is individueel gevoer met kinders om vas te stel presies wat hulle wil hê. Ons het verskillende soorte Bybels (uit die Afrikaanse en Engelse mark) op 'n tafel gesit en vir die kinders gesê dat elke Bybel R20-00 kos. Ons gee vir elke kind R20-00, hulle moes dan die Bybels deurblaai en vir ons wys watter Bybel hulle met hul R20-00 sou koop. Nie een kind het die tradisionele Bybel met 'n swart buiteblad gekies nie. Dit was baie gou duidelik

dat ‘n kleurvolle buiteblad hulle aanspreek. Vandaar dan ook die kleurvolle buiteblad van *DieBybel@kinders.co.za*.

Voorts het ons die kinders gevra om enige deel in die Bybel te kies en vir ons te lees. Feitlik 90% van die kinders het ‘n psalm gekies. Wanneer ons vra waarom hulle dit gekies het, het hulle deur die bank geantwoord “omdat dit kort is”. Dit het ons laat besluit om die ganse Bybel in korter eenhede op te deel. Die tradisionele verdeelings in die Bybel is heeltemal te lank en ontmoedig die kinders om dit te lees. Selfs lang aaneenlopende verhale, soos die boek Rut, is in korter eenhede opgedeel. Soms kom die verdeelings ietwat geforseerd of kunsmatig oor, maar dit is nogtans meer lesersvriendelik as tradisionele Bybelvertalings.

Meer as 90% van die kinders het aangedui dat hulle ouers nooit saam met of vir hulle die Bybel lees nie. Dit het belangrike implikasies vir ons vertaalproses gehad. Dit was dus duidelik dat ons geen moeilike woorde in ons vertaling kon hê nie. Ouers is nie teenwoordig wanneer die kinders Bybel lees ten einde moeilike woorde aan hulle te verduidelik nie. Soms is ‘n mens egter noodwendig verplig om ‘n moeilike woord te gebruik (soos in die geval van sekere tegniese terme). Daarom het ons besluit om woorde soos “altaar”, “Filistyn”, “sabbatdag”, “onrein” en “wederkoms” in ‘n woordelys te verduidelik. Hierdie woorde is ietwat dowwer gedruk in die Bybelse teks self om die kind ‘n aanduiding te gee dat dit in die woordelys verduidelik word. Ons het aanvanklik besluit om woorde wat in die woordelys opgeneem is, in vetdruk te druk waar dit in die Bybelse teks voorkom. Dit het egter hierdie woorde te prominent laat vertoon in die teks. Omdat dit juis die moeilike woorde is wat so prominent gedruk is, sou kinders se eerste indruk wees dat die Bybel “moeilik” lees. Daarom is dit besluit om dit eerder “dowwer” te druk.

Tydens ons ongestruktureerde gesprekke met kinders, is inligting nie net versamel deur vrae te vra nie, maar ook deur hulle baie fyn dop te hou. Ons kon byvoorbeeld duidelik sien dat hulle gesukkel het om deur Bybels te blaai waarvan die papier te dun is. Ons kon geen verskille bespeur tussen bruin, swart en wit kinders wat die Bybel gelees het nie. Die *DieBybel@kinders.co.za* is gemik op Afrikaanssprekende kinders, ongeag hul ras of geslag.

Ons navorsing het beslis ook gebreke. Die skole wat gekies is, is nie wetenskaplik geselekteer nie. Ons rekordhouding van die

gesprekke sal ook nie al die toetse van wetenskaplikheid slaag nie. Nogtans het ons empiriese ondersoek waardevolle insigte opgelewer.

#### 4 REDUKSIE

‘n Beginsel wat gewoonlik nie ter sake is in Bybelvertalings nie, maar wat wel in *DieBybel@kinders.co.za* toegepas is, is reduksie. Daar is probeer om die vertaling nie met onnodige inligting te oorlaai nie. As voorbeeld kan ‘n mens noem dat die presiese afmetings en detail beskrywings van elke vertrek van die tempel (sien 1 Kon 6) beslis nie funksioneel is in ‘n Bybel vir kinders nie. Die geweldige hoeveelheid inligting veroorsaak bloot dat die essensie verlore gaan. Niemand kan al die inligting onthou nie. Volwasse Bybellesers het gewoonlik genoeg kennis om te kan sif en net die essensie te behou. ‘n Verantwoordelike Bybelvertaler kan ‘n kind help met hierdie siftingsproses en net die belangrikste inligting deurgee.

Reduksie is ook toegepas in lang geslagsregisters. Lukas 3:23-38 is byvoorbeeld tot die volgende gereduseer: “Toe Jesus met sy werk begin het, was Hy ongeveer 30 jaar oud. Baie mense het Hom geken as die seun van Josef. Josef was weer die seun van Eli. Eli se pa was Mattat. En Mattat se pa se naam was Levi. Daar was ook nog baie ander mense in Jesus se aardse familie soos koning Dawid, Boas, Jakob, Isak, Abraham, Henog, Set en ook Adam. Adam was natuurlik die heel eerste mens wat God gemaak het”. Dus, in hierdie geval is Josef se pa, oupa en oupa-grootjie se name gegee. Daarna is slegs name uit die geslagsregister geselekteer wat ook elders in die Bybel ‘n vename rol speel.

Reduksie is ook toegepas in gevalle waar daar oormatig parallelismes voorkom. Paralellismes was ‘n baie effektiewe stylfiguur in die antieke wêreld om iets vir die leser te benadruk. Dit is natuurlik vandag nog steeds effektief, maar as daar te veel paralellismes is, beleef die moderne leser dit gou as eentonig of gewoon as onnodig herhalend.

Trouens, daar is ook ander gedeeltes in die Skrif wat so herhalend is, dat ‘n leser dit erg steurend kan vind. Die outeur van die Boek Daniël was byvoorbeeld baie lief vir allerhande soorte lysies wat hy kort-kort herhaal het (Péter-Contesse & Ellington 1993:72). Indien ‘n mens hierdie lysies elke keer weer net so herhaal, vind ‘n moderne leser dit erg onnatuurlik. In Daniël 3:5 staan “*sodra julle die geluid hoor van horing, fluit, siter, luit, harp, doedelsak en van allerhande musiekinstrumente, moet julle neerval en die goue beeld*

*aanbid...*”. Hierdie hele lysie van musiekinstrumente word weer net so herhaal in vers 7, en weer in vers 10, en dan weer in vers 15.

Péter-Contesse & Ellington 1993:72) sê “if the fourfold repetition is unnatural, a more summary statement may be used in the later verses”. Hulle voeg by dat “In many languages where such instruments are not well known, this poses serious translation problems”. In die lig hiervan is Daniël 3:5 soos volg in DieBybel@kinders.co.za vertaal: “As julle die orkes hoor speel, moet julle almal voor die goue beeld buig en dit aanbid”. Ook in die daaropvolgende verse word die lys instrumente nie individueel genoem nie, maar daar word bloot daarna verwys as “die orkes”.

## 5 UITBREIDING VAN DIE TEKS MET ADDISIONELE INLIGTING

Net soos wat daar in sekere gevalle reduksie toegepas is, so is daar weer in ander gevalle van die teenoorgestelde beginsel gebruik gemaak, naamlik om die teks uit te brei deur addisionele inligting by te voeg. Dit is gedoen as daar gereken is dat dit die teks meer verstaanbaar sou maak. In 1 Samuel 1:3 lees ons dat Elkana elke jaar “aan die Here in Silo gaan offer het”. Al “silo” wat kinders ken, is ‘n graansuier. Daarom is dit vertaal met “*hy het in die dorp Silo vir God gaan aanbid*”. In vers 25 word vertel dat nadat Samuel gebore is, het Elkana en Hanna ‘n bul geslag. Maar waarom sou ‘n mens ‘n bul slag as ‘n kind gebore is? Daarom het ons in ons vertaling bygevoeg “*om vir God dankie te sê*”.

1 Samuel 4:12 vertel van ‘n Benjaminsiet wat van die slagveld gehardloop het “*met geskeurde klere en grond op sy hoof*”. Maar hoekom het die man so gelyk? Daarom is sekere inligting bygevoeg om die vers duideliker te maak, en is dit soos volg vertaal: “*Om te wys hoe hartseer hy was, het hy sy klere geskeur. Hy het ook grond op sy kop gegooi*”. In hoofstuk 5:1-2 word vertel dat “*die ark van God na Asdod gebring is, en toe in die huis van Dagon langs Dagon neergesit is*”. Maar wie of wat is Asdod, en wie of wat is Dagon, en wat was nou so snaaks aan die “huis van Dagon” dat die ark soontoe geneem is. Om al hierdie onduidelikhede uit die weg te ruim, is daar telkens addisionele inligting bygevoeg. In DieBybel@kinders.co.za praat ons van “die **dorp** Asdod”, en die “**god** Dagon” terwyl sy “huis” vertaal is met “tempel”.

In 1 Samuel 9:1 lees ons van ‘n “man van Benjamin”. Die jong leser kan wonder of Benjamin ‘n dorp of ‘n land is. Daarom voeg

ons by “uit die **familie** Benjamin”. In 2 Samuel 23:4 sê die Here vir Dawid: “Gaan verlos Keïla”. Weer vertaal ons dit met “*Gaan red die mense in die dorp Keïla*”. 2 Samuel 19:14 vertel vir ons van “die manne van Juda”. Omdat dit maklik kan lyk of Juda hier ‘n persoon of ‘n leier is, is dit eerder vertaal met “al die mense van die **land** van Juda”. Wanneer 2 Samuel 5:11 praat van “Hiram, die koning van Tirus”, vertaal ons dit met “**Koning** Hiram van ‘n **buurland**”. Dit is van groter waarde om te weet dat Tirus ‘n buurland is, as om te weet wat die naam van die land is waaroor Hiram koning is.

Hierdie soort byvoegings verskaf waardevolle inligting aan die jong leser wat die teks net soveel duideliker maak. Alhoewel hierdie soort inligting hier as “byvoegings” bestempel is, is dit natuurlik nie “byvoegings” in die ware sin van die woord nie. Dit is alles inligting wat in elk geval implisiet teenwoordig is in die oorspronklike teks. Wanneer ‘n mens ‘n Bybel vertaal vir kinders (of enige ander lesers met min agtergrondskennis), is dit ‘n belangrike beginsel om na te volg, naamlik om by eiename by te voeg of dit ‘n land, provinsie, dorp, of god is waarvan daar in die teks gepraat word.

## 6 KULTUUR-HISTORIESE AGTERGROND

Baie van dit wat hierbo genoem is, spruit voort uit die feit dat lesers dikwels nie oor die nodige kultuur-historiese agtergrond beskik waarteen hulle die Bybelse teks moet lees nie. Dit is natuurlik ook waar van baie volwasse moderne lesers, maar nog meer waar van kinders. Daarom moet ‘n mens nog meer daarop bedag wees om sekere kulturele verstellings aan jou teks te maak. In Rut 2:10 lees ons “*Toe val sy op haar aangesig en buig na die aarde toe en sê vir hom: Waarom het ek genade in u oë gevind...?*” Die frases “om op haar aangesig te val” en “om na die aarde toe te buig” is blote herhaling en kan baie vreemd interpreteer word. Enkele vertalers probeer die herhaling te vermy deur dit bloot te vertaal met “she fell on her face” (De Waard en Nida 1973:32). Maar dit kan weer vertolk word asof sy per ongeluk op haar gesig geval het. Hierdie was egter ‘n tipiese Oosterse gebruik om jou dankbaarheid te betoon (Prinsloo 1982:48). Daarom het ons dit soos volg vertaal in die *DieBybel@kinders.co.za*: “**Rut was baie bly en sy vra toe vir Boas: ‘Meneer, waarom is u so goed vir my en gee u so baie vir my om?’**”

Dieselfde gebaar is ook gebruik om eer te betoon. Dawid het byvoorbeeld voor Jonatan “*met sy aangesig op die aarde geval en drie maal gebuig*” (1 Samuel 20:41). Dit is toe vertaal met “*Dawid val toe op*

sy knieë en buig drie keer met sy gesig na die grond toe. *Hy wou op so ‘n manier wys dat hy vir die koning se seun respek het en dat hy vir Jonathan as die oudste seun van die koning wil eer*”. Die tweede deel van hierdie vers is bygevoeg om kulturele gebruik te verduidelik.

Abraham het vir sy dienaar gesê: “*Lê tog jou hand onder my heup dat ek jou kan laat sweer...*” (Gen. 24:2-3). Die woord heup is ‘n eufemisme vir “geslagsdeel” en ons het hier ‘n verwysing na ‘n oeroue gebruik om die erns van ‘n eed te bevestig (vgl. Van Selms 1967:37). Om die betekenis van hierdie kulturele gebruik te vertaal, is die hele frase vertaal met “*Belowe my vandag...*”.

In die verhaal van Ester word daar vertel van die koning se byvroue (Ester 2:12-14). Om hierdie kulturele gebruik te verduidelik, word daar in die *DieBybel@kinders.co.za* bygevoeg “*Ons moet onthou dat die koning van daardie tyd sommer ‘n klomp vrouens gehad het. Maar net een van hulle kon ‘n koningin wees*”.

Soos dit uit bogaande blyk, het ons soms die agtergrondskennis wat ‘n mens benodig om die teks te verstaan, in die vertaling ingebou. Ander kere het ons weer bloot ‘n kulturele verstelling gemaak. Ons lees byvoorbeeld in Rut 4:7-8 die volgende: “*En dit was vroeër in Israel die gebruik by lossing en by ruiling om enige saak van krag te maak: die een trek sy skoen uit en gee dit aan die ander; dit was dan die bekragting in Israel. Daarom het die lossers vir Boas gesê: Koop dit vir jou; en hy het sy skoen uitgetrek*”. Hierdie gebeure is kultureel aangepas tot “*Die familielid het toe briewe geteken waarin hy geskryf het dat hy nie meer belangstel om die grond te koop nie, en dat Boas dit maar kan koop*”.

Sommige mag redeneer dat so ‘n kulturele verstelling niks anders as ‘n anakronisme is nie. Laat ons vervolgens die plek van anakronismes in die *DieBybel@kinders.co.za* van nader bekyk.

## **7 ANAKRONISMES**

Die kwessie van anakronismes sal beslis altyd ‘n groot twisappel bly vir Bybelvertalers. Aan die een kant help dit om ‘n teks beter te verstaan wanneer jy van anakronismes gebruik maak. Aan die ander kant skep jy by lesers ‘n beeld van die antieke wêreld wat nie korrek is nie. Wanneer ‘n mens byvoorbeeld by Ananias en Saffira se verhaal kom (Hand. 5:1-11), lees jy dat toe Ananias neergeval en gesterwe het, het “*jongmanne opgestaan en hom toegedraai en uitgedra en begrawe*.” Kinders wat al met die dood in aanraking



gekom het, wonder waarom Ananias oombliklik na sy sterwe begraaft is. In die warm Oosterse wêreld was dit natuurlik gebruiklik om dit so te doen, maar in ons land vind die begrafnis gewoonlik eers twee of drie dae later plaas.

Vertaal jy bogenoemde vers letterlik, kan die leser by die vreemdheid van hierdie gebeure vassteek, en dink dat dit spesiale betekenis dra. Dit kan byvoorbeeld maklik vertolk word dat die onmiddellike begrafnis van Ananias deel was van sy straf omdat hy vir God gelieg het. Dit is 'n belangrike vertaalbeginsel om in gedagte te hou, naamlik dat wanneer 'n letterlike vertaling tot misverstand kan lei, die vorm daarvan in die ontvangertaal verander moet word (De Waard en Nida 1986:38). Een van die vereistes van 'n goeie vertaling is dus nie net dat die oorspronklike bedoeling getrou weergegee moet word nie, maar ook dat dit nie tot misverstand mag lei nie. Dit is dus heel moontlik dat 'n vertaling die oorspronklike boodskap oordra, maar steeds as swak beskou moet word, omrede dit ook verkeerd verstaan kan word.

In die lig van bogenoemde beginsels is besluit om hierdie vers soos volg te vertaal: *“Toe Ananias dit hoor, het hy dood neergeval... 'n Paar van die jongmense het nadergekom en 'n laken oor hom gegooi. Toe dra hulle hom uit na die lykshuis toe”*. Hierdie vertaling is natuurlik nie sonder probleme nie. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat groter kinders met meer kennis moontlik ook hierby sal vassteek en dat hulle weer sal wonder of daar dan al lykshuise met verkoelings was in die antieke wêreld. Om van anakronismes gebruik te maak, bly altyd riskant.

Soms help anakronismes wel ook om 'n teks aktueel te maak deurdat die toepassing van die Bybelse beginsel dan makliker raakgesien kan word. In Jakobus 2:2 lees ons: *“Sê nou daar kom in julle samekoms 'n man in met goue ringe aan sy vingers en met deftige klere aan en daar kom ook 'n brandarm man in met ou klere aan...”*. In *DieBybel@kinders.co.za* word hierdie vers vertaal met *“Laat ek 'n voorbeeld noem: sê nou twee mans kom by die kerk aan. Die een man het 'n duur kar en is baie ryk. Dit kan jy sommer aan sy mooi klere sien. Langs hom loop die ander man. Hy is baie arm. Sy klere is oud en stukkend”*. 'n Moderne leser (veral 'n kind) sal nie sommer verstaan dat iemand “met goue ringe aan sy vingers” as 'n baie ryk persoon gesien is nie. Deur dit eerder te vertaal met “hy het 'n duur motor” sal die oorspronklike bedoeling baie beter na vore gebring

word. Die toepassing van die teks in ‘n moderne situasie word hier ook vergemaklik deur die gebruikmaking van die anakronisme.

Toe die Heilige Gees uitgestort is, het elkeen in sy eie moedertaal gepraat: “Perse, Mediërs, Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea, Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, Frigië en Pamfilië... Kretensers en Arabiere...” (Hand. 2:9-11). Vir baie kinders is hierdie name niksseggend. Om daardie rede is aanvanklik besluit om dit eerder te vertaal met tale wat bekend is aan kinders, soos “Afrikaans, Engels, Frans, Duits, Xhosa, Zoeloe, Sotho...”. Later is besluit dat daar te veel probleme met so ‘n vertaling is omdat baie dalk byvoorbeeld kan wonder of Afrikaans dan al in daardie tyd bestaan het. Dit is toe op die ou einde bloot vertaal met “Ons kan hoor hoe praat hulle in ons tale en nog sommer baie ander tale ook”.

Maar in die verhaal waar Dawid vir Goliat gedood het (1 Sam. 17), is “slingervel” bloot met “kettie” vertaal. Nida (1977:17) het met so ‘n moderne ekwivalent ‘n probleem en sê: “*But to translate the Hebrew term as ‘slingshot’ rather than ‘sling’ would be a clear anachronism, since rubber was not known in the ancient world. In reality, the ancient type of sling that was used by David had far more deadly force than any present-day slingshot*”. Nogtans is die woord “slingervel” so vreemd aan die wêreld van die moderne kind, dat dit ook ‘n niksseggende term kan word.

Maar Nida is ook reg as hy daarop wys dat ‘n “dinamies-ekwivalente” vertaling nie met ‘n “kulturele vertaling” gelykgestel moet word nie. In laasgenoemde vertalings word die historiese gebeure van die oorspronklike skrywers in ‘n ander “ruimte-tyd” konteks geplaas. Die *Cotton Patch Version* of the New Testament is ‘n voorbeeld van so ‘n kulturele verplasing. Daarin word die naam van die stad “Rome” byvoorbeeld vervang met “Washington, D.C.” en die woord “Cephas, son of John” met “Rock Johnson”.

Op die oog af kan dit lyk of daar nie genoeg konsekwentheid is ten opsigte van die gebruik van anakronismes al dan nie. Die voor- en nadele van elke geval is egter intens bekyk voordat ‘n beslissing gemaak is. Die algemene opvatting is dat anakronismes nie in die “amptelike” Afrikaanse vertalings voorkom nie. Die waarheid is egter dat ook hierdie vertalings nie heeltemal kan ontsnap van die gebruik van anakronismes nie. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling praat byvoorbeeld van “meters”, “liters” en “rande”. Die feit is dat die

Bybelse mens nie gemetriseerde mates gebruik het om afstand en inhoud te meet nie, en ook nie die Suid-Afrikaanse geldeenheid geken het nie.

## 8 BEELDE

Dit is altyd baie moeilik om beeld te vertaal, veral as 'n moderne leser nie vertrou is met die Bybelse beeld nie. Indien 'n vertaler wil voorkom dat 'n moderne leser 'n Bybelse beeld verkeerd interpreteer, het 'n mens een van drie opsies: Jy kan probeer om die beeld te behou, maar 'n verduideliking byvoeg, óf jy kan die beeld uitgooi en slegs die betekenis daarvan vertaal, óf jy kan die antieke beeld met 'n moderne beeld vervang.

In Prediker 12:5 word die eerste opsie gevolg. 'n Ou man word daar soos volg geskilder: *“En die amandelboom sal in bloei staan”*. Min lesers weet dat 'n amandelboom wit bloeisels het, en dat die grys hare van 'n bejaarde hiermee vergelyk word. Hierdie beeld is behou, maar tog ook verduidelik wanneer dit soos volg vertaal is: *“Jou hare sal wit wees soos 'n amandelboom se blommetjies”*.

In Psalm 23 kry ons 'n voorbeeld van 'n beeld wat baie moeilik behou kan word, selfs al verduidelik 'n mens dit. Die Psalmdigter sê daar vir God: *“U maak my hoof vet met olie”*. In hierdie geval is slegs die betekenis van die beeld vertaal, en wel soos volg: *“U maak met my soos met 'n belangrike mens wat kom kuier”*.

Maar daar is ook gevalle waar die beeld met 'n moderne beeld vervang is. In Jakobus 3:3 lees ons byvoorbeeld: *“Vir perde sit ons 'n stang in die bek, en dan gehoorsaam hulle ons en het ons hulle hele liggaam onder beheer”*. Bitter min stadskinders weet vandag wat is 'n “stang” en wat gebeur as ons dit in 'n perd se bek sit. Daarom is hierdie beeld eerder met 'n moderne beeld vervang: *“Dit werk soos 'n kar se stuurwiel. As ek net die stuurwiel draai, draai die hele kar sommer”*. Natuurlik het ons hier weer 'n voorbeeld van 'n anakronisme.

## 9 IDIOME EN IDIOMATIESE UITDRUKKINGS

Idiome en idiomatiese uitdrukkings is sekerlik een van die sake wat enige vertaler die grootste hoofbrekens besorg. Dit is selde dat 'n idioom in die brontaal letterlik vertaal kan word, en dieselfde semantiese betekenis in die ontvangertaal sal oordra. Dikwels moet so 'n idioom eerder met 'n nuwe idioom in die ontvangertaal vertaal word. Wanneer jou mark jong kinders is, is dit nog beter om eerder die

gebruik van te veel idioome te vermy, aangesien die verstaan van ‘n idioom ‘n hoërvlak taalvermoë vereis.

In Handeling 18:6 staan: “*Maar toe hulle aanhou om teëstand te bied en godslasterlike dinge te spreek, het hy sy klere uitgeskud en vir hulle gesê: Julle bloed is op julle hoof. Ek is rein. Van nou af sal ek na die heidene gaan*”. Die uitdrukking “om jou klere uit te skud” is ‘n idioom (Newman en Nida 1972:349). Dit is nie so maklik om te weet presies wat hierdie idioom beteken nie. Paulus se woorde direk daarna gee wel vir ons so ietwat ‘n aanduiding van hoe ons dit moet verstaan.

Louw en Nida (1988:213) interpreteer die frase “om sy klere uit te skud” as ‘n idioom met die betekenis van “protesteer” en stel die volgende vertaling voor: “*he protested by shaking the dust from his clothes*”. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die woord “stof” nie in die Griekse teks staan nie. Daar staan letterlik net “hy het sy klere uitgeskud”. Lindijer (1979:139) vertolk dit as ‘n handeling waarmee Paulus te kenne wou gee dat hy hom van hulle wou distansieer. Ons het besluit om by bogenoemde interpretasies aan te sluit, en ook te fokus op sy ontnugtering met hulle hardkoppigheid en vertaal dit toe met “*Baie van die Jode wou eers nie na Paulus luister nie. Hulle het allerhande lelike dinge oor hom en oor Jesus gesê. Paulus was al moedeloos omdat hulle nie wou luister nie. Hy sê toe vir hulle: ‘Ek is nou klaar met julle. As julle nie in Jesus wil glo nie, is dit julle eie skuld. Ek het my plig gedoen. Ek het vir julle vertel dat Jesus julle sy vriende wil maak. Maar julle wil nie hoor nie. Ek gaan julle nou net so los. Van nou af gaan ek vir mense wat nie Jode is nie van Jesus vertel*”.

Let op dat daar ook ‘n tweede idioom in bogenoemde vers is, naamlik “*Julle bloed is op julle hoof*”. Met hierdie idioom probeer Paulus sê dat hulle self verantwoordelik sal wees vir wat die gevolge van hul keuse vir hulle gaan wees (Lindijer 1979:139; Louw en Nida 1988:484). Hierdie is eintlik ‘n baie moeilike uitdrukking en ‘n mens benodig geweldig baie agtergrond indien jy dit goed wil verstaan. Daarom dat Newman & Nida (1972:349) sê: “*Although most translators render this literally, it would seem best to express the meaning of the passage rather than to reproduce a verbal correspondence, since it is doubtful whether many people would understand the true significance of the phrase unless they had been conditioned by a good background in biblical terminology... It should certainly never be translated literally without some kind of marginal note*”.

Ook die volgende frase “ek is rein” kan maklik verkeerd verstaan word. Dit het natuurlik niks met fisiese skoonheid te doen nie, maar gaan eerder oor rituele skoonheid. Paulus sê hiermee dat hy goed en reg is in die oë van God, en dat hy geen skuld dra aan die feit dat die Jode nie wil glo nie. Daarom is bogenoemde soos volg vertaal: “*As julle nie in Jesus wil glo nie, is dit julle eie skuld. Ek het my plig gedoen. Ek het vir julle vertel dat Jesus julle sy vriende wil maak. Maar julle wil nie hoor nie. Ek gaan julle nou net so los*”.

In Genesis 2:23 lees ons: “*Toe sê die mens: Dit is nou eindelijk been van my gebeente en vlees van my vlees*”. Reyburn & Fry (1998) sê hieroor: “*Bone of my bones is often taken as an idiomatic expression, as is flesh of my flesh. In this understanding the two expressions form a poetic parallelism in which each says very much the same thing, but the two make the saying emphatic*”. Daarom is hierdie vers soos volg vertaal: “*Die oomblik toe die mens haar sien, het hy gesê: ‘Uiteindelijk het ek ‘n maat, iemand wat by my pas!’*” Op hierdie wyse is die bedoeling van die idioom goed vertaal, en selfs die parallelisme is behou sonder dat dit hinderlik is.

## **10 ANTI-FRASES, DISFEMISMES EN EUFEMISMES**

Ongelukkig is wetenskaplike studies oor anti-frases, disfemismes en eufemismes in die Bybel nog maar yl (vgl. Pope 1992:720-725). ‘n Anti-frase is wanneer ‘n skrywer presies die teenoorgestelde term gebruik van dit wat hy bedoel. Job se vrou se vir hom: “*Seën God, en sterf*” (Job 2:9). Omdat kinders nie dié anti-frase sal verstaan nie, is dit vertaal met “*Vloek God en gaan dood!*” Disfemismes is die teenoorgestelde taktiek van eufemismes: Dit is wanneer ons oordrewe neerhalende en kwetsende uitdrukkinge gebruik in plaas van normale of neutrale terme. Ons kry etlike voorbeelde daarvan in die Bybel, veral wanneer daar oor die vyand gepraat word. Die Assiriese leëraanvoerder sê vir die Judeërs dat hulle “*hul eie drek sal eet en hul eie water sal drink*”. Die skerpheid van hierdie disfemie is behou met die volgende vertaling: “*Hulle sal nog hul eie poef eet en hul eie piepie drink*”.

Eufemismes is die stylfiguur wat ons gebruik om onaangename dinge meer subtiel te sê. Vertalers moet sorgvuldig aandag gee aan hierdie soort stylfigure. Dit is veral belangrik omdat dit wat in een taal liefsvol met ‘n eufemisme beskryf word, nie noodwendig ook waar is van ‘n ander kultuur nie. In Levitikus 18:6 word die volgende opdrag aan die volk Israel gegee: “*Niemand van julle mag naby sy*

*naaste bloedverwant kom om die skaamte te ontbloot nie*". Die betekenis van hierdie vers is so versteek onder die eufemismes, dat 'n jong leser dit nie sal begryp nie. Daarom is dit eksplisiet soos volg vertaal: "*Jy mag nie seks hê met iemand wat van jou naby familie is nie*". Jong kinders in die Afrikaanse kultuur gebruik die woord "seks" en dit hoef nie "sagter" gestel te word deur van eufemismes gebruik te maak nie.

In Genesis 17:10 lees ons: "*Al wat manlik onder julle is, moet besny word*". Om hierdie vers duideliker te maak, is dit soos volg vertaal: "*Om te wys dat julle graag na My wil luister, moet elke man van die voorste vel van sy penis afsny. Dit is die merk wat wys dat julle aan My behoort*". Daar is nie meer enige terughoudendheid in die Suid-Afrikaanse kultuur oor sulke sake nie, en dit is belangrik dat kinders ook die regte terme hoor en gebruik. Die woord "penis" word dan ook in die woordelys verduidelik as "*Die deel van 'n seun of 'n man se lyf waarmee hy piepie en wat 'n man gebruik om mee seks te hê*".

Ons lees in Levitikus 15:19: "*En as 'n vrou 'n vloeiing het, en die vloeiing in haar vlees bloed is, dan bly sy sewe dae lank in haar onreinheid*". Ook hierdie vers is eksplisiet vertaal, as "*As 'n vrou menstrueer, is sy onrein vir 'n week lank*". Die begrip rein (vs. onrein) word dan ook in die woordelys beskryf as "*Die beteken baie dieselfde as skoon en vuil. Iemand of iets is rein as hy naby aan God se tempel mag kom of naby aan mense wat aan God behoort. As iemand aan iets gevat het wat vuil is of aan 'n dooie dier of 'n dooie mens, was hy onrein. Dan moes hy hom eers was en 'n offer bring voor hy weer rein kon wees. Die Bybel leer ons dat sonde 'n mens ook onrein maak. As God ons vergewe, is ons weer rein*".

## **11 GEWELD**

Gewoonlik is die kwessie van geweld nie eintlik iets wat ter sprake kom wanneer beginsels in die vertaalkunde bespreek word nie. Geweld word egter wel 'n belangrike aspek wanneer die grondliggende beginsels van die *DieBybel@kinders.co.za* onder die loep geneem word. Die teikengroep vir hierdie Bybel is feitlik uitsluitlik kinders. Daar is wel gedeeltes in die Ou Testament wat inderdaad baie wreed is vir die moderne oor. Indien 'n mens nie iets van die antieke Mediterreense wêreld verstaan nie, kan dit vir baie kinders ontstellend wees. Gedeeltes waarin daar erge wreedhede beskryf word, is nie weggelaat nie, maar wel ietwat versag.

In 2 Samuel 2:23 staan die volgende: “*Toe steek Abner hom met die agterent van die spies in die onderlyf, sodat die spies agter hom uitkom en hy daar neerval en op die plek sterwe*”. Dit is ietwat versag tot “*Toe steek Abner die agterkant van sy spies in Asael se lyf. Asael het net daar op die plek dood neergeval*”. ‘n Soortgelyke grusame verhaal word ontvou in 2 Samuel 20:10: “*Toe steek Joab hom daarmee in die onderlyf gesteek, sodat sy ingewande op die grond uitgeval het. ‘n Tweede steek was onnodig; hy sou sterf*”. Ook hierdie vers is ietwat versag tot “*Toe steek Joab hom met die swaard in sy maag. Hy het net daar inmekaar gesak en dadelik gesterf*”.

Ook waar die Bybel van wreedheid teenoor diere vertel, is daar probeer om dit minder grusaam te maak. Josua 11:6 vertel die volgende vir ons: “*Toe sê die Here vir Josua: ‘... hulle perde se hakskeenseninge moet jy afsny en hulle waens met vuur verbrand*”’. Omdat die bedoeling tog is dat die perde uiteindelik moes sterwe, is dit soos volg vertaal: “*... Maak ook hulle perde dood en verbrand die strydwaens*”.

‘n Mens kan egter nie die teks verander nie. 2 Samuel 4 vertel vir ons dat Rekab en Baäna die kop van Is-Boset afgekap het, en dit met hulle saamgevat het na Dawid toe in Hebron. Hierdie gedeelte is net so gelos.

## 12 INKLUSIEWE TAAL

Baie Afrikaanse lesers het ‘n sterk negatiewe konsep rakende die gebruik van inklusiewe taal in Bybelvertalings. Hulle dink gewoonlik dat dit net daarvoor gaan dat God as “Vader-Moeder” aangespreek word (Stander 2001:380). Dit bly steeds ‘n geldige beginsel dat Bybelvertalers ‘n sensitiwiteit vir lesers aan die dag moet lê. Raken- de die beweging om God as “Moeder” aan te spreek, sê Harris (1997:207-217) duidelik: “*It is not ... the job of translators purposely to amend scripture in the light of their own theological position, no matter how convinced of it they may be*”.

In die lig van bogenoemde is daar besluit om net gedeeltelik van inklusiewe taal gebruik te maak. God is nooit as “Sy” of as “Moeder” aangespreek nie. As daar egter in ‘n teksvers na slegs mans verwys word, maar die bedoeling is dat dit vroue insluit, is dit eksplisiet so gemaak. Efesiërs 6:4 sê byvoorbeeld: “*En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie...*”. Dit is vertaal as “*Maar ek moet ook met die ouers praat: Moet nooit lelik wees met julle kinders nie*”. 1 Korintiërs 15 begin byvoorbeeld met: “*Broeders, ek maak julle die*

*evangelie bekend wat ek aan julle verkondig het...". Hierdie vers is soos volg vertaal: "Liewe vriende, kom ons kyk net weer vir oulaas na alles wat ek vir julle oor Jesus vertel het".*

### **13 TOEKOMSBESKOUIING**

Daar was al baie pogings om die Bybel te vertaal in die 9 swart tale wat in Suid-Afrika gepraat word (vgl. Hermanson 2002). Suid-Ndebele is die enigste amptelike taal van Suid-Afrika wat nog geen volledige Bybel het nie. Eers so onlangs as 1999 is daarmee begin. Maar daar is nog geen enkele vertaling in hierdie swart tale wat spesifiek op kinders of jongmense gerig is nie. Daar is ook nog geen vertaling soortgelyk aan die karakter van *Die Boodskap* en die *DieBybel@kinders.co.za* in enige swart taal in Suid-Afrika nie. Op hierdie terrein wag daar 'n geweldige uitdaging op toekomstige Bybelvertalers (vgl. Hermanson 2002:12-13). Dit is met groot dankbaarheid dat daar ook vanaf 2002 etlike swart studente inskryf vir Grieks en Hebreeus by die Universiteit van Pretoria. 'n Mens kan net vertrou dat dieselfde ook by ander universiteite gebeur (vgl. Mojola 2002:207), en dat hierdie studente in die toekoms 'n groot bydra sal maak om vertalings volgens die karakter van *Die Boodskap* en *DieBybel@kinders.co.za* ook in die swart tale van Suid-Afrika beskikbaar kan word. Meer nog, dat daar ook verskillende vertalings vir verskillende teikengroepe in hierdie tale sal wees, asook studiebybels en ander hulpmiddele. Hierdie artikel het ten doel om die beginsels uit te spel waarop soortgelyke werke in Afrikaans geskoei is, sodat vertalings in ander tale in Suid-Afrika weer hierop kan voortbou.

#### **Literatuurverwysings**

- Berlin, A. 2002. On Bible Translations and commentaries, in Brenner, A & Van Henten, J W. *Bible Translation on the threshold of the twenty-first century*. London: Sheffield Academic Press, 175-191.
- Bratcher, R G 1995. Current trends in Bible Translation, *BT* 46, 439-444.
- Burke, D G, 1993. Translating Scripture into electronic media, *BT* 44, 101-111.
- Crisp, S 2002. Icon of the ineffable? An orthodox view of language and its implications for Bible Translation, in: Brenner, A & Van Henten, J W. *Bible Translation on the threshold of the twenty-first century*. London: Sheffield Academic Press, 36-49.
- De Waard, J & Nida, E A 1973. *A Translator's Handbook on the Book of Ruth*. London: United Bible Societies



- , 1986. *From one language to another*. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson.
- Die Boodskap. Ou en Nuwe Testament* (red. Van der Watt, J G & Joubert, S), 2002. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Die Lewende Bybel* (vert. Du Toit van der Merwe), 1983. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Die Nuwe Testament vir Kinders* (vert. Joubert, S, Van der Watt J, Stander, H F), 1999. Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.
- Die Radikale Jeugboodskap* (vert. Van der Watt, J G & Joubert, S J). 2000. Vereeniging: CUM.
- Ellington, J 1993. Taboo words in the Bible, *BT* 44, 232-234.
- Ellingworth, P 1992. The scope of inclusive language, *BT* 43, 130-140.
- Good News Bible* 1988. Cape Town: Bible Society of SA.
- Harris, J W 1997. Inclusive language and the names of God in the latest English Bible translations, *BT* 48, 207-217.
- Hermanson, E A A 2000. Brief overview of Bible Translation in South Africa. *Acta Theologica Supplementum* 2, 6-18.
- Hong, J 1997. Chapter and verse divisions in the Bible: their origins, and their use in today's common language translations, *BT* 48, 401-410.
- Jordaan, G J C 2002. Problems in the theoretical foundation of the functional-equivalent approach, *Acta Theologica Supplementum* 2, 19-29.
- Joubert, S J 2001. No culture shock? Addressing the Achilles heel of modern Bible translations, *Verbum et Ecclesia*, 314-325.
- Kid's Application Bible*, 1994. Wheaton: Tyndale House Publishers.
- Kid's Study Bible*, 1995. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
- Korsak, M P 2002. Translating the Bible: Bible Translations and gender issues, in: Brenner, A & Van Henten, J W. *Bible Translation on the threshold of the twenty-first century*. London: Sheffield Academic Press, 132-146.
- Life Application Study Bible* (New Living Translation), 1996. Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers.
- Lindijer, C H 1979. *Handelingen van de Apostelen*, Nijkerk: G.F. Callenbach.
- Louw, J P & Nida, E A 1988. *Greek-English Lexicon*, New York: United Bible Societies.
- Mojola, A O 2002. Bible translation in Africa. What implications does the new UBS perspective have for Africa? An overview in the light of the emerging new UBS translation initiative. *Acta Theologica Supplementum* 2, 202-213.
- Naude, J A 2002. An overview of recent developments in translation studies with special reference to the implications for Bible translation. *Acta Theologica Supplementum* 2, 44-69.

- Newman, B M 1996. A message in terms that most people can understand, *BT* 47, 201-207.
- Newman, B M & Nida, E A 1972. *A Translator's Handbook on The Acts of the Apostles*. London: United Bible Societies.
- Nida, E A, *Good News for Everyone*, Texas: Word Books.
- Nida, E A & Taber, C R, 1969. *The theory and practice of translation*, Leiden: E J Brill.
- Noorda, S 2002. New and familiar: The dynamics of Bible Translation, in: Brenner, A & Van Henten, J W. *Bible Translation on the threshold of the twenty-first century*. London: Sheffield Academic Press, 8-16.
- Ortiz, P V 1996. Translating terms of measurement, *BT* 47, 413-419.
- Péter-Contesse, R & Ellington, J 1993. *A Handbook on The Book of Daniel*. New York: United Bible Societies.
- Pope, M H 1992. Bible, Euphemism and dysphemism in the Bible, *Anchor Bible Dictionary*, vol. 1, (ed. Freedman, D.N.). New York: Doubleday.
- Prinsloo, W S 1982. *Die Boek Rut*. Pretoria: NG Kerk-Uitgewers.
- Punt, J 2002. Translating the Bible in South Africa: Challenges to responsibility and contextuality, in Brenner, A & Van Henten, J W. *Bible Translation on the threshold of the twenty-first century*. London: Sheffield Academic Press, 94-124.
- Reyburn, W D & Fry, E M 1998. *A Handbook on The Book of Genesis*. New York: United Bible Societies.
- Rogerson, J 2002. Can a translation of the Bible be authoritative?, in Brenner, A & Van Henten, J W. *Bible Translation on the threshold of the twenty-first century*. London: Sheffield Academic Press, 17-30.
- Shae, G S 1997. Why feet, hands and head? *BT* 48, 221-228.
- Stander, H F 1987. On translating Matthew 6:12 [and Luke 11:4], *NGTT* 28(4), 241-242.
- , 1995. 'n Splinternuwe uitdaging wag op Bybelvertalers, *HTS* 51, 147-166.
- , 2001. Afrikaanse Bybelvertalings: 'n Toekomsvisie, *Verbum et Ecclesia*, 22(2), 379-391.
- Stine, P C 1974. On the restructuring of discourse, *BT* 25, 105.
- Teen Study Bible* 1993, Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
- Van der Merwe, C H J 2002. An overview of recent developments in the description of Biblical Hebrew relevant to Bible translation. *Acta Theologica Supplementum* 2, 228-245.
- Van der Watt, J G 1999. Teologiekroniek – “Die Boodskap”, *Skrif en Kerk* 20 (1) 219-239.

- Van Selms, A 1967. *Genesis*, deel II, Nijkerk: G.F. Callenbach (De prediking van het Oude Testament).
- Wilt, T 2002. A new framework for Bible translation as a complex process. *Acta Theologica Supplementum 2*, 140-163.
- Youth Walk Devotional Bible*, 1992. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.